
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## MEI/JUNIE 2025

## OOS-KAAP

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer oor die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Drama | (40) |
   | AFDELING B: | Kortverhale | (40) |

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama *(Perdekrag)* wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs die EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Perdekrag* | 40 | 4 |
| | | |
| **OF** | | |
| **AFDELING B: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord AL TWEE kortverhale.** | | |
| 2. "Rooikoos Willemse is soek" | 20 | 8 |
| | | |
| **EN** | | |
| | | |
| " 'n Man kom tuis" | 20 | 10 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: DRAMA**

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

**VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Nog nege-en-negentig uur in hierdie goor plek. *(Hy voel-voel na sy selfoon en onthou dat dit gekonfiskeer is.)* Ag flippen hel, die heks het my selfoon. *(Hy sug en begin weer hark, Binki kom links op.)* |
| BINKI: | Wilma het my gestuur. Sy sê ek moet jou roep om te kom kyk hoe die beginners leer perdry. |
| LUCKY: | *(Gee 'n woedende kreet.)* Flippit! Ek moet gaan kyk en "oe" en "aa" en "ag hoe cute" as die spul om en om en om ry. Jy gaan sê vir haar ek stoot eerder die jy-weet-wat hier rond as om daar te gaan cheer. |
| BINKI: | *(Onseker.)* E ... wat moet ek nou vir Wilma sê? |
| LUCKY: | Net wat jy wil. Sê vir haar ek laaik my job hier so vreeslik, ek kan my nie daarvan wegskeur nie. Ek laaik dit te veel om perdeuitskeidings rond te stoot. So dankie, maar nee dankie. *(Binki aarsel. Lucky grynslag spottend.)* |

1.1 "Nog nege-en-negentig uur in hierdie goor **plek**." (Reël 1)

"Ag flippen hel, **die heks** het my selfoon." (Reël 3)

1.1.1 Van watter plek praat Lucky? (1)

1.1.2 Waarom moet hy nog nege-en-negentig uur by hierdie plek bly? (1)

1.1.3 Wie is die "heks" van wie Lucky praat? (1)

1.1.4 Waarom het die heks Lucky se selfoon gevat? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.2.1 en 1.2.2) en die antwoord neer.

Lucky sê die plek is goor, want hy (1.2.1) (wil nie daar wees nie/hou van die plek). As hy later vir Binki sê hy "laaik" sy werk by die plek, (1.2.2) (spot hy net/praat hy die waarheid). (2)

1.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky het gedink die mense wat by Wilma kom perdry, is <u>arm</u> mense; daarom was hy so kwaad. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die letter (A–D) neer.

"*Binki* ***aarsel***." (Reël 14) Dit sê vir ons dat Binki … was om vir Wilma te gaan sê wat Lucky gesê het.

A skaam
B haastig
C skrikkerig
D opgewonde (1)

1.5 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Lucky het by Wilma begin werk.
- Lucky het klein katjies doodgemaak.
- Lucky het by die hek vir sy prokureur gewag.
- Lucky het vir Lady Jane se runnik geskrik en weggehardloop. (4)

1.6 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | "Ek wil net gou 'n paar SMS'e stuur." | A | Lucky het gedink dis verkeerd van Binki om haar ma op haar naam te noem. |
| 1.6.2 | "Moet ek aangaan, of kry jy die prentjie in jou klipkop?" | B | Lucky was bang vir Kaizer. |
| 1.6.3 | "En ek verander Sabrina na Ma." | C | Wilma was kwaad vir Lucky omdat hy homself jammer kry. |
| 1.6.4 | "Jy's arm, siestog. So jy mag maar diere mishandel." | D | Lucky wou nie doen wat Wilma vir hom sê om te doen nie. |
| | | E | Wilma wou hê Lucky moes verstaan dat hy die verkeerde idee het van die mense wat by haar kom perdry. |

(4 x 1) (4)

1.7 Waarom was dit 'n goeie idee dat Lucky die stalle moes skoonmaak? (1)

1.8 Waarom was dit verkeerd van Lucky om nie te gaan kyk hoe die ander mense leer perdry nie? (1)

1.9 Waarom voel jy jammer vir Binki in hierdie situasie? (1)

1.10 Watter les oor stereotipering leer jy hier? (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

| | |
|---|---|
| WILMA: | Goed, volgende keer. *(Sy gooi die leiband om Lady Jane se kop en gee dit vir Binki. Binki vat dit versigtig en lei Lady Jane links af.)* Mooi, Binki. Jy doen dit sommer maklik vandag. *(Sy draai kwaai na Lucky.)* En nou spring jy aan die werk. |
| LUCKY: | Ek hark natuurlik weer die bleddie jy-weet-wat uit die stalle. |
| WILMA: | Jy weet ook nou hoe. |
| LUCKY: | Moet ek dit nou elke keer doen? |
| WILMA: | Iemand moet dit doen. |
| LUCKY: | *(Begin om Lady Jane se stal uit te hark.)* Die lewe is nie fair nie. |
| WILMA: | Nee, dit is nie. Maar jy maak jou eie probleme. |
| LUCKY: | Kyk net hoe stir ek die shit, hoe meng ek die mis. |
| WILMA: | Jy is nogal 'n goeie miskruier. |
| LUCKY: | Wat nogal maak 'n miskruier goed? |
| WILMA: | Jy weet tog wat hulle doen? |
| LUCKY: | Byt my as ek weet. |
| WILMA: | 'n Miskruier vat 'n hele lot mis, en dan maak hy bolletjies daarvan, en dan rol hy dit net waar hy dit wil hê. |

1.11 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.11) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| personifikasie; | 'n vergelyking; | 'n metafoor |

"Jy **is** nogal **'n goeie miskruier**" in reël 12 is 'n voorbeeld van ... (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.12.1 en 1.12.2) en die antwoord neer.

Die toon in hierdie uittreksel is meer (1.12.1) (positief/negatief) as aan die begin van die drama. Lucky (1.12.2) (was nie meer so stout nie/het steeds nie gedoen wat Wilma vir hom gesê het nie). (2)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die letter (A–D) neer.

In reël 15 sê Lucky: "**Byt my as ek weet**." Hiermee bedoel hy dat ...

A Wilma kwaai is met hom.
B hy bang is vir miskruiers.
C hy presies weet waarvan Wilma praat.
D hy glad nie weet waarvan Wilma praat nie. (1)

1.14 Waarom wou Lucky nie vir Wilma op haar naam noem nie? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.15 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) en die antwoord neer.

1.15.1 Wilma het vir Lucky vertel hoe dit gebeur het dat die veearts haar perd, … (die perd se naam), moes skiet. (1)

1.15.2 Omdat Wilma die aand by die partytjie te veel … het, het Lucky haar 'n ou dronkie genoem. (1)

1.15.3 Lucky het vir Binki gesê dat sy nie aan hom sal … as sy weet watter lelike dinge hy gedoen het nie. (1)

1.15.4 Lucky het katjies doodgemaak, maar Binki het haar … uit die brandende huis probeer red. (1)

1.16 Lucky het die ryk mense se katjies doodgemaak omdat hulle lelik met sy ma gepraat het.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.17 Lucky het 'n paar lesse op die perdeplaas geleer.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.17.1 | Die magistraat het gesê dat Lucky geweet het wat hy doen toe hy die katjies doodgemaak het. | A | Kaizer het nie toegelaat dat Lucky hom slaan nie. |
| 1.17.2 | Lucky wou sy woede op Kaizer uithaal. | B | Wilma was verbaas toe Lucky sê hy het vir Kaizer water gegee. |
| 1.17.3 | Lucky het vir Kaizer van die katjies vertel. | C | Lucky moes gemeenskapsdiens by die perdeplaas doen. |
| 1.17.4 | Lucky het geskrik toe hy die letsels op Binki se arms sien. | D | Lucky het besef dat ander mense ook seerkry. |
| | | E | Kaizer het vir Lucky gewys dat hy verstaan en hom vergewe. |

(4 x 1) (4)

1.18 Noem TWEE dinge wat Binki aan die einde van die drama oor haar ma besluit het. (2)

1.19 Waarom was Lucky gelukkig om 'n ma soos sý ma te hê? (1)

1.20 Waarom was Binki aan die begin van die drama skaam vir ander mense? (1)

1.21 Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat Lucky nie gewoond was aan die dinge wat hy op die perdeplaas moes doen nie? (1)

1.22 Waarom kan ons sê dat die slot goed by die drama pas? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**AFDELING B: KORTVERHALE**

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

**VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries
EN
VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

**VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

> Dit was vir Rooikoos se hart te veel en hy moes eers klaar huil oor daar darem iémand is wat hom ken ...
>
> "Jan, jy moet nou mooi luister," sê hy ná 'n rukkie. "Gaan na Rooikoos Willemse se kamer toe, nommer elf, en dan kyk jy of hy daar is ..."
>
> "Ja, meneer ..."
>
> Weg is die man, om te gaan kyk.
>
> En Rooikoos staan met die gehoorbuis in sy hand en die trane loop oor sy wange omdat daar niemand, niemand meer is om mee te praat nie, noudat hy praat só nodig het.
>
> Hy sê vir die dooie gehoorbuis in sy hand, hy sê – so sag – sê hy: "En as ou Rooikoos Willemse daar is, Jan, as ... dan ... dan mag die liewe Here alleen weet wie ek is."

2.1 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die uitslag van die rugbywedstryd was gelykop.
- Rooikoos het op Barrydale se losskakel geskree.
- Rooikoos het vroeg die Saterdagoggend al in die kantien gaan drink.
- Die hotelbestuurder het gekeer dat Rooikoos en die Barrydalers baklei. (4)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.2.1 en 2.2.2) en die antwoord neer.

Die mense op Rooikoos se dorp was so (2.2.1) (tevrede/ontevrede) oor die uitslag van die rugbywedstryd dat hulle vir Rooikoos baie drankies gekoop het. Die Barrydalers was so (2.2.2) (gelukkig/kwaad) oor die uitslag, dat hulle Rooikoos gestraf het. (2)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 "Gaan na Rooikoos Willemse se kamer toe, nommer elf, en dan kyk jy of hy daar is ..." (Reël 3 en 4)

2.3.1 Wie praat hier? (1)

2.3.2 Op watter dorp is hy? (1)

2.3.3 Waarom het hy in die hotel op hierdie dorp wakker geword? (1)

2.3.4 Wat het die Barrydalers met Rooikoos se baard gedoen om hom te straf? (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

"Dit was **vir Rooikoos se hart te veel** ..." in reël 1 beteken dat Rooikoos ...

A siek gevoel het.
B baie kwaad was.
C te hartseer was om te praat.
D met niemand meer wou praat nie. (1)

2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Die Barrydalers het Rooikoos se rooi hare <u>wit</u> gekleur. (1)

2.6 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 tot 2.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.6.1 | "Ai ... ai ... Sy pa se plaas en sy stukkie grond ... is als deur sy keel ..." | A | Die skoonmaker in die hotel het mooi met Rooikoos gepraat. |
| 2.6.2 | "Wanneer het jy dan hier begin werk?" | B | Rooikoos was verbaas oor die vreemde man in sy kamer. |
| 2.6.3 | "Hier is meneer se koffie." | C | Die dorp se mense was jammer vir Rooikoos wat al sy grond verloor het omdat hy so baie drink. |
| 2.6.4 | "Ja, meneer. Ek ken hom, meneer." | D | Die kelner het net rustig aangegaan met sy werk. |
| | | E | Rooikoos was baie deurmekaar toe hy die Sondagoggend wakker word. |

(4 x 1) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.7 Waarom was dit verkeerd van Rooikoos om op die ander span se speler te skree? (1)

2.8 Waarom was dit reg van die Barrydalers om Rooikoos in 'n hotelkamer te laat slaap? (1)

2.9 Watter les oor negatiewe gevolge leer jy uit Rooikoos se situasie? (1)

2.10 Waarom kan ons sê dat die slot goed by die verhaal pas? (1)

**EN**

**VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

… Kyk nou hierdie pad wat ons vandag ry. Ek het hom help maak. Vandag vat hy my na my vrou en kinders toe. En dis mos wat die Bybel sê – werp jou brood op die water en na baie dae …"

Die nomadiese kamplewe bodder hom ook nie. "Ag, dis partykeer ongerieflik," gee hy teensinnig toe, "maar daar is baie voordele. Jy kry die wêreld gesien. O, jy ken die wêreld later soos die palm van jou hand. Noem maar 'n plek en ek was daar. Suidwes, Transvaal, die Vrystaat, Natal, die Kolonie. Nee, ek ken die wêreld. En saans as jy daar by die vuur sit en jy kyk na die sterre oor jou kop, dan het jy vrede in jou hart."

Dit word vir my duidelik, terwyl hy gesels: hierdie man sal jy nie maklik onderkry nie.

2.11 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.11.1 tot 2.11.4) en die antwoord neer.

2.11.1 Gouws wou 'n geleentheid tot op … hê. (1)

2.11.2 Gouws het net 'n klein koffertjie, 'n paar los pakkies en 'n halwe sakkie ... by hom gehad. (1)

2.11.3 Gouws het sy familie net een keer in 'n ... vir 'n naweek gesien. (1)

2.11.4 Gouws sê die lewe as padmaker is soms moeilik, want daar is baie ... (1)

2.12 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.12) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| personifikasie; | 'n vergelyking; | 'n metafoor |

"Vandag **vat hy** my na my vrou en kinders toe" in reël 1 en 2 is 'n voorbeeld van ... (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.13) en die letter (A–D) neer.

"Die nomadiese kamplewe **bodder hom ook nie**." (Reël 4) Dit sê vir ons dat Gouws …

A gereeld in 'n tent vakansie gehou het.
B daarvan gehou het om op een plek te bly.
C tevrede was om gereeld te trek om paaie te maak.
D nie omgegee het om so ver te reis om sy gesin te sien nie. (1)

2.14 Noem TWEE dinge wat Gouws gedoen het wat gewys het dat hy opgewonde was om by sy huis te kom. (2)

2.15 Gouws was al middeljarig *(middle-aged)*. Waarom het hy nog klein kindertjies gehad? (1)

2.16 Gouws se lewe was eenvoudig, maar gelukkig.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.16.1 Gouws het gesê dat hy 'n lekker pad in slegs 'n maand kan bou. | A Gouws het vertel dat sy seun, Petrus, 'n slimkop is. |
| 2.16.2 Gouws was trots op sy gesin. | B Gouws was trots op sy werk as padmaker. |
| 2.16.3 Gouws het nie met leë hande huis toe gegaan nie. | C Gouws het vir die verteller die pad na sy huis beduie. |
| 2.16.4 Gouws, sy vrou en kinders het saam al sy bagasie opgetel. | D Die gesin het nie gesien toe die verteller by hulle verbyry nie. |
| | E Gouws het vir almal in die gesin 'n spesiale geskenk gebring. |

(4 x 1) (4)

2.17 Die verteller het dadelik huis toe gery nadat hy vir Gouws afgelaai het.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.18 Waarom was dit reg dat Gouws nie wou hê dat die verteller hom by sy huis aflaai nie? (1)

2.19 Waarom was dit verkeerd van die verteller om nie te glo wat Gouws vir hom van sy tuiskoms vertel het nie? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.20 Waarom kan jy respek hê vir 'n man soos Gouws? (1)

2.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.21.1 en 2.21.2) en die antwoord neer.

Aan die einde van die verhaal is die toon (2.21.1) (vrolik/hartseer), want almal was (2.21.2) (bly dat Gouws by die huis is/kwaad oor die bagasie wat in die straat gelê het). (2)

2.22 Hoe beklemtoon die skrywer die tema van liefde in die verhaal? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African